**I.M.S.**
Vol. 1, No. 19

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
15 JUN 1961
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,

17 Maart 1961.

**WATERGELDE**

'n Groot aantal verbruikers van water het by die munisipale kantore kom inligting inwin in verband met die nuwe waterheffing. Baie is ontsteld oor die verhoging al was die eerste rekening volgens die nuwe heffing vir twee maande en nie vir een maand nie.

Die waterheffing, soos dié van alle ander dienste, word in die reël elke vyf jaar nagesien om vas te stel of die inkomste wat dit lewer genoegsaam is om uitgawe te dek. In Stellenbosch veral is dit van belang dat die Stadsraad sorg dat geen diens uit die algemene eiendomsbelastingsfonds gesubsidieer word nie, aangesien daar 35% van die totale eiendomme nou al belastingvry is. Alle dienste moet op 'n ekonomiese grondslag gedryf word. Elke jaar word die publiek op hoogte gehou van die toedrag van sake deur middel van die Burgemeestersverslae wat ontledings van die inkomste en uitgawe aanbied. Vir sover dit waterdienste betref, het ons al vir die afgelope ses jaar verliese getoon, en inagnemende die groot lenings wat ons verlede jaar moes aangaan vir die bykomende waterpyp in die Jonkershoekberge, nl. R90,000, en vir ander noodsaaklike kapitale werke, het dit gebiedend geword om die heffing onmiddellik te verhoog. Die konsultante het die Raad meegedeel dat 'n nuwe opgaardam in Idasvallei ook binne die volgende vyf of ses jaar gebou sal moet word teen 'n koste van nagenoeg R160,000, sodat daar eenvoudig nie langer gewag kan word met die verhoging van die heffing nie. Al sou die Raad dan vir 'n jaar of twee 'n profyt op die diens toon as gevolg van

die nuwe heffing, kan ek die versekering gee dat surplusse net so belê sal moet word om die verwagte tekorte oor 'n paar jaar die hoof te bied. Dis 'n stabiliseringsproses wat tot almal se voordeel moet werk. Die alternatief sou wees om elke jaar die heffing aan te pas na gelang van die grootte van die tekort op die voorafgaande jaar, en ek glo nie dat so 'n reëling byval by enigiemand sou vind nie.

Die volgende is 'n verduideliking van die verandering in die tarief vir huishoudelike gebruik:—

Verlede jaar was elke verbruiker verplig om vir 'n minimum van 3,000 gellings te betaal teen R0.25 per 1,000 gellings, of hy nou 3,000 gellings verbruik het of nie. Vir elke verdere 1,000 gellings oormaat moes R0.20 betaal word. Teen hierdie reëling het klein verbruikers beswaar geopper omdat dit hulle verplig het om vir water te betaal wat hulle nie gebruik het nie.

Toe die Raad die hersiening van die tariewe oorweeg het, het hy dit wenslik geag om die klein verbruikers in ag te neem en die minimum-hoeveelheid van 3,000 na 2,000 gellings per maand te verminder. Vir die 2,000 gellings moet R0.30 per duisend betaal word, en vir elke 1,000 gellings daarna moet R0.30 betaal word. Daar is dus slegs een tarief, naamlik R0.30 per 1,000 gellings.

**TELEFOONOPROEPE IN NOODGEVALLE**

Die lesers van die Eikestadnuus sal onthou dat na 'n onlangse ongeluk daar gesê is dat moeilikheid ondervind is om dadelik hulp na die ongelukstoneel te ontbied. Met die besef van die erns van so 'n gebeurtenis, het ek die saak dadelik met die Posmeester bespreek. Hy het verduidelik dat 'n spesiale nommer vir nooddienste slegs beskikbaar gemaak kan word nadat die outomatiese telefoonsentrale in werking getree het. Intussen het hy egter gereël dat in gevalle van nood, oproepe vir die polisie, die hospitaal, die ambulans of die brandweer deur alle telefoonoperateurs deurgeskakel sal word sonder dat enige nommer genoem word. Ek wil dit graag onder die aandag van die publiek bring, al koester ek ook die innige hoop dat daar baie min gevalle sal wees waar dit noodsaaklik sal word om van die reëling gebruik te maak.

---

22nd March, 1961.

**THE GROUP AREAS**

The Council has not slackened in its efforts to obtain clarity as to what the future group areas are to be and the local Member of Parliament, Mr. Hennie Smit, has readily

responded to the request to assist in bringing the matter, which affects all plans for further housing particularly for the coloured community, to a solution. It was found that the proposals had not as yet reached the Minister and that the purchase by the Government of Nietvoorbij for an experimental wine farm, as also the proposed purchase of Helderfontein, have created technical problems.

**DECLARATION OF REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

The Council resolved to arrange a function on the 31st May, 1961, for residents at Stellenbosch which is to take place from 5.30 to 7 p.m. A book will be opened in which residents who would like to attend this function are invited to sign their names. The book will be open for signature at the Municipal Offices from the 1st to 15th May.

On the 9th or 10th June there is to be a civic banquet to which the President of the Republic, who will by that time have been appointed, members of the Government and other dignitaries, will be invited by the Council.

**COACHMAN'S HOUSE**

I am glad to be able to say that St. Mary's Church has accepted the Council's offer to buy the property for R5,000 and to comply with conditions which will ensure the preservation of the building in its present form. I feel convinced that a happy solution has been found and look back with pleasure on the co-operation which the Council received from so many persons and which contributed towards the preservation and restoration of this fine old building.

**MR. GELB'S MILL (THE NEW MILL)**

A great deal of interest is shown in the future of this property and I am glad to give the assurance that both the Council and the new owners, Messrs. O.K. Bazaars, are most anxious to make the best of a new situation. Few have an idea of the extent of the premises in which the miller has conducted his business. It is natural that they look back on a very long life. It is also obvious that it could not have continued to be used as a mill for a very much longer period.

The whole scheme is tied up with the future of the southeastern part of the Braak and the fact that the Rhenish Church and a new, most up to date business will become very close neighbours.

**EXCHANGE WITH THE UNIVERSITY**

I have mentioned the proposal to exchange a part of Jan Marais Park for land to the north of the Town Hall site. The Council has received two petitions both signed by ap-

proximately 180 registered voters, one asking that a public meeting be held at which the proposed exchange can be discussed, and the other objecting to the proposal to close and alienate part of Jan Marais Park outright.

In the meantime a meeting is to take place with Mr. A. P. Venter M.E.C., at which the whole proposal will undoubtedly be discussed.

**LIST OF WORKS**

A list of works and a provisional works programme for the year 1961 has been submitted to the Council. Some works are naturally more urgent than others because of the approach of winter. It is likely that stormwater drainage problems in Claassen Street, Bosman Street and De Beer Street will be undertaken in the very near future. I hope to be able to refer to the works programme at an early opportunity.

---

30 Maart 1961.

**WERKSPROGRAM: INGENIEURSDEPARTEMENT**

In die vorige uitgawe het ek melding gemaak van die werksprogram wat die Raad hierdie jaar uitvoer en het belowe om meer besonderhede te verstrek.

Daar is reeds goeie vordering gemaak en 'n deel daarvan is reeds voltooi, soos byvoorbeeld die rioolpype in Dalsig, die teer van Kwikstertlaan in Onder-Papegaaiberg, skoonmaak van grond vir verdere pyplyne en beter voorsïening vir die afloop van stormwater in Andringastraat.

Die kontrakte vir die uitbreiding en verbetering van die rioolsuiweringswerke en die rioolstelsel by Platklip is onlangs aangegaan, en dit kan dus verwag word dat die werk binnekort sal begin. Intussen word daar fluks gevorder met die lê van die 25-duim hoofrioolpyp na die reinigingswerke. Wat beplanning betref, moet daar nog net finaliteit verkry word ten opsigte van die roete wat gevolg moet word met die pyp uit Dalsig wat by die groot pyp moet aansluit, min of meer waar die Eersterivier en die Plankenbrugrivier bymekaarkom. Dit vereis noukeurige aandag, want dit staan in verband met die beplanning van beter toegang tot die dorp vanaf die Adam Tasbrug.

As gevolg van die uitbreiding van dorpsgebiede soos Karindal, Aanhou-wen, Dalsig en Welgelegen — onlangs is die ontwikkeling van 'n verdere 16 erwe in laasgenoemde toegestaan — moet daar 'n aansienlike program van straatkonstruksie, stormwaterdreinering, water- en elektrisiteitsaanleg aangepak word. Die werk van die verbreding van dié deel

van Pleinstraat tussen Ryneveld- en Andringastrate vorder goed, en dit kan verwag word dat hierdie verbreding later uitgebrei sal word na die hoek van Joerning.

Daar sal waarskynlik mettertyd 'n hele gedaanteverwisseling plaasvind by Du Toitville, waar die spoorweë voornemens is om 'n brug oor die spoor te bou. Daar is al goed gevorder met die beplanning van die padstelsel om hierby aan te pas.

**WATER**

Ek is dankbaar om te kan meedeel dat, ten spyte van die uiters droë somer, daar 18 voet meer water in die Idasvalleiopgaardam is as op dieselfde tydstip verlede jaar. Dit was jammer dat sommige inwoners vir 'n ruk sonder hul leiwater moes klaarkom, maar dit was geheel en al te wyte aan die besondere lae vloei in die Eersterivier. Waar ons gewoonweg oor ses leistrome beskik, kon ons die laaste tyd dikwels nie eers vier strome aan die gang hou nie. Stellenbosch het, volgens die Stadsingenieur, die afgelope 20 jaar nie so 'n droë somer belewe soos tans nie.

---

7th April, 1961.

**IMMUNISATION AGAINST POLIO**

A new and vigorous anti-polio campaign is to open on the 15th May. The new oral live polio vaccine will be administered with the use of sweets. The Union Health Department is anxious to achieve the immunisation of 90% of the group to be served, namely all Europeans and Coloured people up to the age of thirty and natives up to the age of nine.

In order to make it as convenient as possible, all day clinics will be conducted at the Town Hall, and possibly evening clinics for workers who may find it difficult to attend during the daytime. It is the intention to do everything humanly possible to implement what the Union Health Department aims at and to make the campaign a success. The University, all schools and hostels will be visited by members of the health staff.

I would strongly urge all members of the public to make use of this opportunity. I shall publish further details later and the health department will be happy to answer questions in the meantime.

**JAN MARAIS PARK**

During the afternoon of Tuesday, 28th March, Mr. A. P. Venter, M.E.C., met the full Council to discuss the question as

to whether a section of this park should be transferred to the University in exchange for Bloemhof property to the north of the Town Hall. The Council is now studying the matter, due regard being had to the objections lodged by members of the public. Further developments will be reported in due course.

## COLOURED COMMUNITY SPORTS ORGANISATION

For many years it has been customary for the Coloured community to elect a liaison committee for the co-ordination and control of all sports activities. This arrangement has worked very well, and I am pleased to say that keen and responsible members of the public have offered their services for this exacting task. The result, as reflected in the latest financial statements submitted to the Council, is that the affairs of the Board of Control can be considered on a very satisfactory footing. The gate returns for the different events are sufficient to pay for all capital improvements to the playing fields, and in addition the Board still has available a considerable bank balance. I must sincerely congratulate the Board on its very laudable efforts.

## THE OLD UITSPAN BUILDING

The Council recently decided to seek an interview with the Administrator in order to discuss the possibility of procuring this building which could possibly be used as a museum at a later date.

The Council views with grave concern the proposal of the Administration to demolish the entire building in order to obtain additional playing-ground space for Bloemhof Primary School. It feels very strongly that serious damage would be done to the locality if a gap were to be torn in the building front of Plein Street just opposite the northern end of Drostdy Street which promises to be and remain one of the most attractive quarters of old Stellenbosch.

In the streets where there is a continuous building line, side elevations of buildings (in this case, the Barracuda Cafe with flats over it), normally are not designed with the idea of being exposed to view. They are simply blank walls with no architectural treatment. None of the streets in the old town have gained by the creation of gaps — on the contrary the intimacy and old world charm has suffered. The Council feels that in such cases the wishes of the residents, particularly those who keenly appreciate the attractions of the old part of the town, should be respected. The problem should be regarded in its entirety and not only from one angle.

## ELEKTRISITEITSTARIEWE

Daar sal onthou word dat die Stadsraad reeds verlede jaar nuwe elektrisiteitstariewe aanvaar het waarvolgens in die geval van huishoudelike tariewe, die kamertarief vervang sou word deur 'n stelsel van aanvraagmeters. Hierdie tariewe is geruime tyd gelede aan die Provinsiale Administrasie vir sy goedkeuring deurgestuur.

Die posisie is tans dat die Provinsiale Administrasie sy toestemming verleen het vir die toepassing van die nuwe tariewe, behalwe in die geval van huishoudelike verbruikers. In hierdie geval word voorgestel dat die Stadsraad verdere toetse moet uitvoer in verband met die werking van die aanvraagmeters. Omdat die Raad groter inkomste onder die hoof Elektrisiteit vanjaar nodig het en tewens daarvoor begroot het, het die Administrasie toegestem dat die huishoudelike tarief vanaf 1 Julie vanjaar met 20% verhoog word.

## OPNAME IN VERBAND MET KLEURLINGBEVOLKING

Die Raad het deur sy Gesondheidsafdeling 'n omvattende opname laat maak, onder andere, van die behuisings- en arbeidstoestande van ons Kleurlingbevolking. Die gegewens wat op hierdie wyse verkry is, hoewel nie in alle opsigte akkuraat nie, sal tog vir die Raad van groot hulp en waarde wees by die bepaling van sy beleid.

Die opname bring aan die lig dat 2,037 persone as permanente werkers beskou kan word, 543 as tydelike werkers en 260 is as werkloos aangegee — 'n totaal van 2,840. Dan is daar ook nog 239 pensionarisse en 879 huisvroue wat nie werknemers is nie. Om die totale bevolking te kry moet die kinders en ander afhanklikes natuurlik hierby getel word.

Van die 2,580 werkers wat in diens was het 1,704 minder as R40 per maand verdien en slegs 876 meer as R40 verdien. Hierdie feit het belangrike implikasies wanneer dit by behuisingskemas kom, want die laagbesoldigdes wat minder as R40 verdien kan slegs sub-ekonomiese huise bekostig.

## BRONSPLAAT VIR DIE BURGERHUIS

Die plaat wat deur die Suid-Afrikaanse Munt vervaardig is en waarop die belangrikste geskiedkundige gegewens in ver-

band met die Burgerhuis genoem word, is pas ontvang. Dit sal eersdaags by die gebou aangebring word.

## MUNISIPALE KONGRES

Vanaf eerskomende Maandag tot Vrydag word die Kongres van die Kaaplandse Munisipale Vereniging op George gehou. Hierdie mooi dorp herdenk vanjaar sy 150-jarige bestaan en 'n spesiale uitnodiging is dan ook aan die Kongres gestuur om vanjaar daar te vergader. Raadslede C. L. de Jongh, J. H. de Wet en ek tesame met die Stadsklerk mnr. M. J. Smith sal Stellenbosch verteenwoordig. Die Onder-burgemeester mnr. S. W. Liebenberg was aanvanklik ook afgevaardig maar kon nou weens onvoorsiene omstandighede nie meer gaan nie.

W. C. DEMPSEY

---